



Verwysing: 20201009-8668
Lêerno.: 12/2/8/17/1/2
Navrae: P SWART

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0011/2020

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Jongste: Die opskorting van leerdervoerdienste

1. Die Wes-Kaapse Hooggeregshof het gistermiddag die aansoek om 'n interdik, wat die WKOD sou verhoed om nuwe tussentydse kontrakte in die Kaapse Wynland Distrik toe te ken, van die hand gewys.
2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement kan nou voortgaan om die nuwe tussentydse kontrakte in dié distrik toe te ken.
3. Leerdervoerdienste in dié distrik sal vir die volgende week geraak word terwyl ons besig is om die kontrakte te finaliseer. Almal werk saam om te verseker dat die dienste so gou moontlik in werking tree. Skole sal direk in kennis gestel word van hulle nuwe kontrakteur.
4. Ons is gister ook in kennis gestel dat leerdervoerdienste in die ander distrikte sal hervat. Al die roetes het bestaande kontrakte in plek en as die kontrakteur nie die vereiste dienste lewer nie, is dit kontraktbreuk. Lig asseblief die distrik se LVS-koördineerder in as u steeds probleme ervaar. Kontrakteurs mag nie hul dienste sonder enige rede weerhou nie.
5. Hiermee wil ek graag alle skole, onderwysers, ouers en gemeenskapslede bedank wat alle verwagtinge oortref het om ons leerders te help om by die skool te kom om hul eksamen te kan skryf.

6. Dit was nie 'n maklike week nie, maar dit het weereens die waardes van welwillendheid en omgee binne ons organisasie beklemtoon.
7. Ons is daartoe verbind om enige verdere impak op ons leerders te beperk terwyl die kontrakte in die Kaapse Wynland, wat deur die hofsak verdrag is, gefinaliseer word.
8. Baie dankie vir u geduld.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2020-10-09